Cannot view the email properly? View it online

VrydagNuus

6 Desember 2024

Gebed vir Kersfees

Dankie, Here, dat U gekies het om uit ’n vrou,
as mens, soos ons die wêreld binne te kom.
Dankie dat U, soos ons, ’n kind was en alledaagse dinge gedoen het
sodat niks meer alledaags kan wees nie.
Ons ontvang U in die krip as ons koning,
die Een wat ons kom red en heelmaak het.
Mag ons optrede teenoor kinders in die wêreld
staan in die teken van u koninkryk
waar die kleinste groot is en die laaste eerste,
waar ons dien en liefhet.
Dankie dat ons weet U wil ’n wêreld vol harmonie
en sonder geweld.
Vir ons, altyd vir ons, is ’n Kind gegee.

Dankie.

Amen.

(Outeur onbekend. Geleen uit die Kerkbode, 2019).

Let wel: Dit is die laaste aflewering van die VrydagNuus vir 2024. Ons skryf DV weer op 17 Januarie 2025. Ons wens almal 'n geseënde Kerstyd toe en voorspoed vir die nuwe jaar.

8 Desember

Deuroffers: RAMOT
Nagmaal
Erediens | Kerk @ 09:00
Johan Steenkamp
Erediens | Kerk @ 10:30
Johan Steenkamp
Erediens | Kerk @ 18:30
Jurie Gouws

Aanlyn erediens - Kenridge Gemeente YouTube - **kliek hier**.

Wag-vreugde

Wag-vreugde boekies (uit die pen van Dave Viljoen) is ideale Bybelstudie leesstof in adventstyd en die aanloop tot Kersfees. Kom koop jou eksemplaar by die kerkkantoor teen R100 per boekie.

Kantoor sluit

Die kerkkantoor sluit op Vrydag, 13 Desember vir die vakansie en open weer op Maandag, 6 Januarie 2025.

Kers- en Oujaarsdag eredienste

Kersdag:
Daar sal twee dienste gelyklopend om **09h00** in die kerk en grootsaal plaasvind:

Kerk - Dave Viljoen
Saal - Jurie Gouws

Oujaarsdag:
18h30 - Dave Viljoen

Kersdag projekte

Skep 'n **ekstra bord kos** op Kersdag en bring na die kerk se parkeerterrein tussen 16h00 en 17h00. Julle is ook welkom om saam te ry na Ruyterwacht om die kos te gaan uitdeel.

Borg 'n Ruyterwacht inwoner se ledegeld vir 2025 teen **R150** per persoon (Kersboom met

naamkaartjies sal op Kersdag beskikbaar wees).

Gebedsbediening

Gebedsfokus vir Des | Jan

Die volledige gebedsfokus is op die webtuiste beskikbaar.

Gebedsversoeke

Gebedsversoeke kan aangemeld word deur 'n WhatsApp te stuur na die gemeente WhatsApp nommer (+27 76 492 0008) of aanlyn op die webtuiste (skakel bo).

Bid saam met die gebedspan

Sluit aan by die gebedspan in die gebedskamer na afloop van die 09h00 diens.

Kerkkantoor:

Ma - Do 09:00 - 16:00

Vry 09:00 - 13:00
tel no: (021) 913 4206
e-pos: kantoor@ngkenridge.co.za
webtuiste: www.ngkenridge.co.za

LIKE

KENRIDGE GEMEENTE

FORWARD

Bankbesonderhede:

NG Gemeente Kenridge

FNB, Willowbridge

Tjekrekening: 62622466458

Takkode: 250655

Snap here to pay

SnapScan